<u>Geheime van die veld</u>

Shekinah Summer Pieters

Graad 4

"Gaan!" gee ek die bevel.  Aurora is die beste hond op Aarde.  Askies, ek is Summer en Aurora is my beste hondjie.  Ons is besig om diere in die veld te soek.  Ons het sopas 'n stert in die lug gesien. Gelukkig is Aurora op sy stert!  Sy het hom net-net gemis want hy duik in die grond in. "Rrrrr! Woef! Woef!"  blaf Arora kwaai!  "Kom hier, Snoetstert!" roep ek haar.  Dis my troetelnaam vir haar omdat sy 'n Schnauzer is en haar stert soos haar snoet lyk. Sy het 'n baard en 'n lekker kwas hare op die punt van haar stert.  "Summer!" roep mamma van die huis af.  Ons moet gaan eet!  Ek en Aurora hardloop huis toe.  "Ons is hier!" roep ek uitasem.   Mmmm…. Vars gebakte brood. "Woef woef", bedel Aurora ook vir 'n stukkie vars gebakte brood.  Ek gee vir haar skelmpies 'n stukkie van myne.

Na middagete gaan ons weer buitentoe.  Ons stap na die dam toe.  Aurora is uitasem en drink van die dam se water,  ek kyk rond vir diere.  Ek hoop om n padda of selfs n likkewaan te sien.  Toe ek rondkyk in die riete by die dam sien ek spore in die modder. Ek en Aurora volg die spore. Ek roep die hond, sy jaag nou soos blits.  Sy kom nie en ek jaag agter haar aan. Ons volg die spore deur die riete al is dit baie moeilik.  Dis moeilik maar ons druk deur.  Toe ons uiteindelik uit die riete kom sien ek dubbel soveel spore en gebreekte hoendereiers.

Die spore hou aan.  Ons stap en stap, ons is nou weer in die veld.  Aurora hou aan met loop. Sy ruik die spore.  Ek sien die spore.  Nou volg ons die spore.  Ek wil weet aan wie hulle behoort!  Ons kom by gate in die grond uit. Ek en Aurora stap en sien paadjies vol spore.  Aurora gaan tekere by een van die gate en druk haar kop heeltemal daarin.  Ek hardloop so vining as wat ek kan na die gat toe.  Ek probeer om vir Aurora te skuif sodat ek binne-in die gat kan sien.  Toe ek uiteindelik in die gat kon sien, sien ek twee geel

ogies en iets wat ‘n onbeskryflike geluid maak.  Ek gryp my flits uit my rugsak uit en skyn dit in die gat en daar sien ek die dier met presies dieselfde stert wat ons voor middagete gesien het.  “Dit is ’n rooimuishond!” roep ek uit.  Aurora hardloop na ‘n ander gat toe.  Sy hardloop rond en bont om al die gate.

Ek besef dat ons ‘n Roomuishond Koninkryk ontdek het!  Ek weet dadelik waarheen al ons hoendereiers verdwyn het.  Ek sal liewer nie vir pappa van die geheime koninkryk vertel nie.